

23 Februarie

Skrifgedeelte: Rut 3:1-18

Fokusgedeelte: Rut 3:9

Eerbare optrede onder alle omstandighede

Hoe mens ook al na die plan kyk wat Naomi maak om 'n toekoms vir haar en Rut te verseker, bly die plan onder verdenking. Jy kan nie anders nie as om te wonder oor 'n plan wat behels dat jy jou moet was, mooimaak en dan in die nag by 'n man se voete inkruip en dan ook nog alles te doen wat hy vir jou sê.

Wat het gemaak dat dinge daardie nag by die dorsvloer nie skeefgeloop het nie? Eerbare optrede deur twee eerbare mense. Eerstens Rut se eerbare optrede. Sy doen alles wat Naomi vir haar sê, maar net tot op 'n punt. As Boas haar in die donker vra wie sy is, dan doen sy meer as wat Naomi haar aangesê het. Sy antwoord nie net Boas se vraag nie, maar sy neem ook eie inisiatief en beroep haar op Boas se eerbaarheid: Sy vra hom om haar onder sy beskerming te neem (1933/53 Afrikaanse Vertaling – om haar losser te wees). As Rut vir Boas vra om haar te beskerm, dan vra sy hom ook om haar teen sy sondige aard te beskerm.

Hierdie eerbare optrede van Rut nou niks gehelp het as Boas nie ook 'n eerbare persoon was nie. Dit sou vir hom so maklik wees om die bedenklieke situasie te misbruik, want as vrou was Rut hier totaal aan hom uitgelewer. Tog is Boas eerbaar. Hy is ook baie besorg oor Rut se goeie naam. Daarom dat hy sorg dra dat sy vroeg in die oggend veilig en met oorvloed kos huis toe gaan, voor ander haar kan sien en praatjies maak.

Almal van ons kom soms teen wil en dank in moeilike situasies. In Christus het ons egter ook 'n losser gekry. Hy het ons verlos van die sonde. Sy Gees werk nou in ons en maak ons eerbare mense. Werk jy saam met die Heilige Gees om altyd eerbaar op te tree? Tree met die krag van die Heilige Gees altyd eerbaar op en verwerf soos Boas en Rut vir jou 'n eervolle naam.

Sing: Psalm 68:9 (1936)

Dr JA Erasmus (Odendaalsrus)